allerlei aard gebruik en vorm tesame met die geboue daaromheen die historiese en argitektoniese kern van Worcester.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 1646 20 September 1974

## VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale opvoeding, hierby die historiese woonhuis op die plaas Uiterwyk tesame met drie meter grond daaromheen, in die distrik Stellenbosch, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese woonhuis op die plaas bekend as Uiterwyk, tesame met drie meter grond daaromheen, geleë op sekere stuk grond, gedeeltelik eiendoms- en gedeeltelik afbetaalde erfpaggrond, synde die restant van plaas Perseel C in die afdeling Stellenbosch, en groot volgens restant 98,781 2 morg.

Transportakte 20619/1950, gedateer 22 Desember 1950.

*Historiese en Argitektoniese Belang*

Hierdie eiendom is in 1699 toegeken aan Dirk Coetzee. In 1791 het Johannes Krige die bestaande huis vergroot en gewels aangebring. Hierdie Kaaps-Hollandse huis is tans H-vormig met 'n indrukwekkende holbolgewel aan die voorkant.

[illegible] Opvoeding.

meetings of every kind, and with the surrounding buildings, it forms the historical and architectural centre of Worcester.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

---

No. 1646 20 September 1974

## DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the historic dwelling-house on the farm Uiterwyk, surrounded by three metres of land, in the District of Stellenbosch, to be a national monument.

*Description*

The historic dwelling-house on the farm known as Uiterwyk, surrounded by three metres of land, situate on certain piece of land, partly freehold and partly redeemed quitrent, being the remainder of farm Lot C in the Division of Stellenbosch, and measuring according to remainder 98,781 2 morgen.

Deed of Transfer 20619/1950, dated 22 December 1950.

*Historical and Architectural Interest*

This property was granted in 1699 to Dirk Coetzee. In 1791 Johannes Krige enlarged the existing house and added gables. This Cape Dutch house is at present H-shaped, with an impressive concavoconvex front gable.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.